

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



AANVULLENDE SAKELYS vir die SESDE SINODE gehou te Pretoria

9 – 14 Augustus 1993

VERTROULIK!

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat
die Sinode oor sake daarin besluit het nie.*

Inhoudsopgawe

ADDENDUMVERSLAE VAN

1. SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)	161
2. BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA).....	166
3. VERSLAG VAN DIE BOUKOMITEE AAN DIE BRKA (BYLAE BRKA/A)	167
4. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)	171
3. KURATORIUM.....	173

Sentrale Kerkekommissie (SKK)

1. TYDPERK VAN VERSLAG

Dié verslag dek sake wat t.o.v. die tydperk van die eerste verslag (21/9/1991–15/4/1993) oor-gegaan het, asook verdere handeling tot op 18 Junie 1993.

2. VERGADERINGS

Sedert 15 April 1993 het die SKK een en die Dagbestuur van die SKK een buitengewone en twee gewone vergaderings gehou.

3. SINODEREËLINGS

(Kyk Lasgewing van SKK, Q in Kerkordeboek bl. 119)

Die Vierde Sinode het ten opsigte van die sinodale sakelys die volgende opdrag gegee:

“Die Sinode besluit dat die SKK vir die uitvoering van die lasgewing t.o.v. konsepsakelys sal toesien dat die omvang van die sakelys sodanig sal wees dat dit afhandelbaar is in die tyd wat die Sinode daarvoor bepaal het.” (Handelinge 4e Sinode, bl. 672)

AANBEVELINGS:

3.1 Skedule

Die Sinode keur die volgende skedule goed as riglyn vir die hantering van die Sakelys ten einde binne die beskikbare tyd al die werk af te handel:

OPENING BROOKSHUIS	Ma.	16:30–18:00	1½ uur
APPËLLE (1)	Ma.	19:00–19:30	½ uur
SKK	Ma.	19:30–20:00	½ uur
	Di.	08:30–09:30	1 uur
	Di.	16:30–17:30	1 uur
	Do.	14:30–15:00	½ uur
	Totaal vir SKK		3 ure
BRKA	Di.	09:30–10:30	1 uur
	Di.	11:00–12:45	1¾ uur
	Totaal		2¾ uur
KUR	Di.	14:00–15:45	1¾ uur
JEUG	Di.	19:30–20:30	1 uur
ONDERWYS	Wo.	09:00–10:30	1½ uur
KAPELAANSDIENSTE			
BARMHARTIGHEID	Wo.	11:00–12:45	1¾ uur
SENDING EN EVANGELISASIE			
FORMULIERE EN LITURGIE			
KERKSANG EN -MUSIEK	Do.	16:30–17:00	½ uur
PKKEN	Wo.	14:00–15:00	1 uur
AD HOC-KOMMISSIE VOLKEREVERHOUDINGE	Wo.	15:00–16:00	1 uur
KGB	Wo.	16:30–17:30	1 uur
KKS	Wo.	19:30–20:30	1 uur
	Do.	08:30–10:30	2 ure
	Do.	14:30–15:15	¾
	Totaal		3¾ uur

FK	Do. 11:00–12:45	1¼ uur
	Vr. 14:00–15:45	1¼ uur
	Totaal	3½ uur
APPËLLE (2)	Vr. 11:00–12:45	1¼ uur
AD HOC-KOMMISSIE EKKLESIA	Do. 19:30–20:30	1 uur
BYBELVERTALING		
ARGIEF		
AD HOC-KOMMISSIE – VROUE	Vr. 09:30–10:00	½ uur
BYBELGENOOTSKAP VAN SA	Vr. 10:00–10:30	½ uur
RINGSGROEPE	Vr. 16:30–17:30	1 uur
VERSLAE TYDELIKE KOMMISSIES	Do. 14:00–14:30	½ uur
	Do. 17:00–17:30	½ uur
	Vr. 08:30–09:30	1 uur
	Sa. 08:30–09:30	1 uur
	Totaal	3 ure

3.2 Beperking van verslae op Saterdag 14/8/1993

Die Sinode besluit dat geen verslae van Permanente Kommissies op Saterdag 14/8/1993 ter tafel geneem word nie. Slegs verslae van Tydelike Kommissies kan in die beskikbare tyd hanteer word. Werk wat nie teen 09:30 op 14/8/1993 behandel is nie, word nie ter tafel geneem nie.

3.3 Prioriteitslys

Voorsitters van Kommissies wat verslae aanbied waarvan die bespreking moontlik die toegemete tyd kan oorskry, moet 'n prioriteitslys van sake in hulle verslae opstel en vooraf aan die Voorsitter van die Sinode beskikbaar stel. Wanneer die toegemete tyd vir bespreking verstreke is, staan die res van die verslag oor. Indien later op die skedule weer tyd beskikbaar word, kan verdere behandeling van onafgehandelde verslae oorweeg word.

3.4 Hantering van appëlle

Die Sinode benoem 'n tydelike Kommissie bestaande uit die ondergenoemde lede om ingekome appëlle saam met die adviese van die KKS te beoordeel en voor te lê aan die Sinode:

Ds IA Brink (sameroeper), dr CI van Heerden, di NJ Rautenbach, AJ van Niekerk, DR Schwartz, JJ (Jurie) Venter, JH van der Walt, JA de Beer en JH Swart.

3.5 Adres aan mnr CC du Preez

Die Sinode bied 5 minute geleentheid net voor die amptelike opening aan die Voorsitter van die uittredende SKK om 'n adres namens die APK te oorhandig aan mnr CC du Preez wat hom vanaf die kerkstigting onvermoeid beywer het vir die belange van veral die leraars.

4. PUBLIKASIEKOMITEE

Die groeiende eise aan tyd en kragte wat die toename in publikasies aan die publikasiekomiteelede en in besonder aan die Direkteur en sy personeel stel, het noodmaatreëls geverg. As noodmaatreël het die sekretaresse van die Direkteur, mev. McDonald, vroeg in 1992 ingewillig om as Afdelingshoof vir publikasies op te tree. Sy het die taak met bekwaamheid en toewyding verrig maar in November 1992 gevra om onthef te word van die taak aangesien sy meeste van die taak buite kantoorure moes verrig. Die Publikasiekomitee het met tydelike hulp verligting probeer bring. Intussen het mev. McDonald ingewillig om as Afdelingshoof vir publikasies te help tot by die Sinode (Augustus 1993). Addisionele vergoeding is van die BRKA aangevra.

Hiermee word 'n kort oorsig van die werksaamhede van die Publikasiekomitee aangebied.

4.1 Kerkjaarboek 1992, 1993 en 1994

'n Oplaag van 5 410 eksemplare van die Kerkjaarboek vir 1992 is ontvang en 4 608 is verkoop. Stalle van Kerkjaarboeke 1988–1992 word verkoop teen R30 per stel en enkel eksemplare teen R8.

'n Oplaag van 4 000 eksemplare van die Kerkjaarboek 1993 is laat druk. Voorraad is uitverkoop voordat laat bestellings uitgevoer kon word. As gevolg van hoë drukkoste is teen 'n herdruk besluit.

Die Kerkjaarboek vir 1993 was reeds 15 November 1992 beskikbaar in die Sentrale Kerkkantoor.

Die Kerkjaarboek vir 1994 geniet reeds aandag en medewerkers werk aan die dagstukkies. Die jaartal sal in die voorwoord genoem word en nie pertinent op die buiteblad verskyn nie.

Die Kerkjaarboek vir 1994 sal na verwagting teen 15 November 1993 reeds in die Sentrale Kerkkantoor beskikbaar wees vir versending na gemeentes.

4.2 Verbondsonderrighandboeke

Verbondsonderrighandboeke is hersien en met uitsondering van die St. 9 boek wat nog by die drukker is, is 11 Verbondsonderrighandboeke en 3 lesgidse gedruk.

Tydens 'n bekendstellingsgeleentheid is erkenning gegee aan die skrywers van Verbondsonderrighandboeke en lesgidse.

Uitvoering van bestellings van beskikbare Verbondsonderrighandboeke is uitgevoer.

4.3 Ander publikasies

Gedurende die tydperk van verslag het 28 publikasies reeds verskyn; 12 boeke is nog ter perse waarvan 6 voor die sinodesitting sal verskyn; 11 outeurs is betrokke.

4.4 Soorte publikasies

Publikasies wat verskyn het, sluit onder meer in 4 preekbundels, 6 Bybelstudies, geestelike leesstof, handleidings, sinodale publikasies, o.m. die Teologiese Tydskrif, "Skriflig op Kerk en Volk", Die Kerkboek en 'n afsonderlike boekie met die Drie Formuliere van Eenheid.

Beskikbare publikasies word gereeld in "Die Boodskapper" geadverteer en kan by die Sentrale Kerkkantoor bestel word.

4.5 Koste van publikasies

Die totale koste van 28 publikasies wat verskyn het, is R331 300,12; publikasies nog in proses se koste beloop R46 374,46. 'n Totale koste van R377 674,58 is aan publikasies vir die tydperk van 21/9/1991 tot 15 Junie 1993 bestee. (Verbondsonderrighandboeke uitgesluit).

4.6 Getal boeke verkoop

16 047 boeke is gedurende die verslagtydperk verkoop teen 'n totale bedrag van R197 667,85. (Verbondsonderrighandboeke uitgesluit).

4.7 Bemarking

Die Publikasiekomitee het sedert 1 Desember 1992 'n verskerpte bemarkingspoging aangewend. Mnr E. van Zyl is versoek om in oorleg met kerkrade boekuitstallings by gemeentes te reël. Uitstallings het by 8 gemeentes plaasgevind asook by die Ingebruikneming van Verbondsonderrighandboeke en by die skolingskursusse vir Verbondsonderrighandboeke. Boeke is selfs by die NG Kerk Potgietersrus en Kroonstad-Oos uitgestal en verkoop. Totale waarde van boeke verkoop bedra R10 375,03 waarvan slegs 'n bedrag van R368,37 uitstaande is.

Die Publikasiekomitee het minimale koste i.v.m. die uitstallings gehad (R400). Gemeentes het self die reiskoste van mnr Van Zyl gedra.

4.8 Pliglewering

Elke publikasie word voorsien van 'n ISBN nommer en pligleweringseksemplare word met ontvangs van elke nuwe publikasie aan betrokke Biblioteke gestuur.

4.9 AANBEVELINGS

4.9.1 Die Sinode oordeel dat die ideaal van 'n selfstandige publikasieafdeling met 'n eie publikasiehoof vir die onmiddellike toekoms nog nie verwerklikbaar is nie omdat dit, veral in die huidige ekonomiese klimaat, te duur gaan wees.

4.9.2 Die Sinode keur die pos van sekretaresse/tikster vir die Publikasiekomitee goed en dra dit aan die FK op om daarvoor te begroot.

4.9.3 Die Sinode keur 'n halfdagpos vir 'n Argivaris goed en dra dit aan die FK op om daarvoor te begroot.

Motivering

Slegs ruimtegebrek het noodsaaklike argiewerk tot dusver teruggehou. Argief ruimte is egter nou vir die eerste keer in sig. In hierdie langgevoelde behoefte aan 'n Argivaris en argiewerk moet nou dringend voorsien word.

4.9.4 Die Sinode keur 'n begrotingspos vir tydelike hulp (plus minus R50 000 per jaar) goed sodat die BRKA in groeiende behoeftes tydelik kan voorsien en so permanente poste wat veel duurder is, so lank moontlik kan uitstel. Die Sinode dra dit aan die FK op om hiervoor te begroot.

Motivering

Vir tydelike hulp was daar nog nooit in die verlede begroot nie, terwyl daar dikwels van tydelike hulp gebruik gemaak is. Hierdie begrotingspos sal die gebruik van tydelike hulp op 'n gesonde basis plaas en werk binne die Kerkkantoor baie vergemaklik.

5. "DIE BOODSKAPPER"

5.1 Redaksie, eindredakteur en medewerkers

Die SKK het na die Vyfde Sinodesitting (1991) die volgende redaksie vir "Die Boodskapper" ("DB") aangewys: Ds AP Viljoen, mev MAE Bosman, mnr CC du Preez, prof JJ Pienaar, mev EH Viljoen, ds NJ Rautenbach, ds RMJ Britz, dr WJG Lubbe (eindredakteur). Ter wille van besparing op reisgeld is redaksielede so na moontlik aan die Sentrale Kerkkantoor aangewys. Ds Rautenbach asook sy plaasvervanger, ds CD Koen, was genoodsaak om te bedank weens veelvuldige werksaamhede. Ds Viljoen (sekretaris), ds Britz en die eindredakteur het as kernredaksie opgetree.

As medewerkers is aangewys: Ds JJ (Jurie) Venter, dr MFM Pretorius, ds AS van Staden, ds CJJ van Rensburg, ds AJ van Niekerk, ds OD Scheuer, ds JH Theron, ds PR Jonker, ds DR Schwartz.

Die aanstelling van 'n uitgewersassistent deur die BRKA, het ook "DB" ten goede gekom.

5.2 Frekwensie van verskyning

"DB" (gewoonlik 16 bladsye) is steeds maandeliks uitgegee maar elfmaal per jaar. Vir November/Desember het slegs een uitgawe verskyn. Tweeweklikse uitgawes is oorweeg hoofsaaklik ter wille van "DB" se nuuswaarde maar verspreidingsprobleme in gemeentes, vermeerderde posgeld, vermeerderde arbeidsure en vermeerderde verpakkingskoste het sover teen 'n tweeweklikse uitgawe gepleit. (Kyk Aanbeveling onder punt 5.3.)

5.3 "Die Jeugboodskapper" ("DJB") vir dooplidmate

"DJB" beslaan vier bladsye: twee vir kleiner kinders (voorskools en laerskools) en twee vir groter kinders (hoërskools). Aanvanklik was "DJB" by "DB" ingelyf maar sedert 1992 word dit los van "DB" gedruk (maar saam met "DB" versend). Volgens getuienis uit gemeentes bereik "DJB" dooplidmate nou beter aangesien dit by Verbondsonderrig (een per gesin) uitge-deel kan word.

AANBEVELING 5.3.1

Die Sinode besluit of "DB" steeds maandeliks moet verskyn of meer dikwels (bv. tweewekliks).

5.4 Verskyningsdatum

Ná versoeke uit gemeentes is die verskyningsdatum gaandeweg vervroeg sodat die blad die naaste gemeentes reeds vóór die laaste Sondag van die maand, en die eerste gemeentes vóór die eerste Sondag van die volgende maand bereik. Dit bevorder effektiewe verspreiding deur diakens wat binne die eerste week van 'n maand hul maandelikse wyksrondes doen. (Voorbeeld: Die Junie-uitgawe bereik gemeentes vóór die laaste Sondag van Mei of vóór die eerste Sondag van Junie.)

5.5 Advertensies

Verhoging in advertensietariewe en toenemende gewildheid van "DB" as advertensiemedium, het advertensie-inkomste steeds laat styg. Vir 1992 beloop die bedrag R4 785,00.

5.6 Oplaag

"DB" se oplaag groei namate ons kerk se lidmatetal groei. Tans word maandeliks 16 000 van "DB" en 10 400 van "DJB" gedruk.

5.7 Intekengeld

Die individuele intekengeld bedra tans R25,00 per jaar per eksemplaar en massa-intekening deur gemeentes R10 per eksemplaar per jaar. Ondanks die Sinode se aanbeveling "ten sterkste" (in 1991) by die kerkraade dat "DB" elke besoekpunt in elke gemeente moet bereik, gebeur dit nog nie in alle gemeentes nie. En ondanks die Sinode se toegewing dat kerkraade vir massa-intekening R10 per eksemplaar per jaar of "na vermoë" kan bydra, is daar kerkraade wat baie min of niks bydra nie. Dit kom daarop neer dat welwillende kerkraade vir versuimende kerkraade moet betaal. Die oplossing is genoegsame intekening deur 'n kerkraad en eweredige bydrae tot die totale uitgawes.

AANBEVELING 5.7.1

Die Sinode beveel weer (soos in 1991) ten sterkste by elke kerkraad aan om een eksemplaar van "DB" vir elke besoekpunt in die gemeente te bestel, en seker te maak dat "DB" elke besoekpunt bereik. Kerkraade word versoek om addisionele eksemplare (gratis) te bestel vir bekendstelling van die APK aan belangstellendes.

AANBEVELING 5.7.2

Kerkrade ontvang hulle massabestellings gratis en die Sinode gee opdrag aan die FK om te begroot vir die uitgawes van "DB".

AANBEVELING 5.7.3

Slegs ruilnommers word gratis aan Christelike Kerke gestuur.

5.8 Dankbetuiging**AANBEVELING 5.8.1**

Die Sinode betuig sy waardering teenoor almal wat uit liefde (sonder geldelike vergoeding) meewerk of bydra tot die bestaan en groei van "DB" as die belangrikste kommunikasiemedium in ons Kerk.

AANBEVELING 5.8.2

Die Sinode betuig sy dank teenoor Pro Media Drukkers wat "DB" maandeliks netjies druk.

6. NUWE GEMEENTES GESTIG SEDERT VORIGE VERSLAG (SAKELYS BL. 4)

APK Winburg, 2/5/1993

APK Knysna, 1/6/1993

APK Reitz, 11/6/1993

Aantal gemeentes ná Vyfde Sinode gestig: 19.

Totale aantal gemeentes: 237.

AANBEVELING 6.1

Die Sinode dank die Here vir negentien nuwe gemeentes en heet hul afgevaardigdes spesiaal welkom.

7. REISENDE LERAARS

Benewens die leraars gemeld in die vorige verslag (Sakelys bl. 4), het ook ds PC Poley diens gelewer.

Die SKK het besluit om die tariewe vir die dienste van reisende leraars (wat van betrokke gemeentes verhaal word) soos volg aan te pas: R225 per dag, maar in gevalle waar huisvesting deur die gemeente voorsien word, R150 per dag.

In werklikheid wissel die totale koste per dag vir die SKK vanaf R169,68 (leraar op laagste kerf) tot R276,60. Die koste kan selfs hoër wees, na gelang van die behuisingstoelae.

Die bedrae hierbo gemeld sluit ook nie reiskoste in nie.

8. BROSJURE OOR SENDINGBELEID

Die sendingbeleid van die APK is na aanvanklike verwerking deur die Kommissie vir Sending en Evangelisasie, deur die Publikasiekomitee geredigeer en word in brosjurevorm gedruk. Die brosjure sal na verwagting tydens die Sinodesitting beskikbaar wees.

9. SERKOS (Sakelys bl. 2)

Geen verslag is van die waarnemer op SERKOS ontvang nie.

Op grond van korrespondensie wat SERKOS met die SKK gevoer het, kan die volgende inligting bekendgemaak word:

'n Kerk wat volwaardige lid van SERKOS wil word, benoem self een verteenwoordiger. Geen lidmaatskapfooie is betaalbaar nie.

'n Verteenwoordiger het stemreg op SERKOS, en kan inligting na gemeentes deurgee. SERKOS kry toegang tot gemeentes, en gemeentes kan SERKOS vrywillig geldelik ondersteun.

AANBEVELING 9.1**APK en SERKOS**

Die Sinode besluit dat die APK aansoek doen om volwaardige lidmaatskap van SERKOS, en dra dit aan die Tydelike Kommissie vir die samestelling van Permanente Kommissies op om 'n verteenwoordiger met sekundus aan te beveel.

10. SLOT

Die SKK vertrou dat hierdie verslag die Sinode kan dien om vrugbare besluite te neem.

PROF WJG LUBBE (VOORSITTER)

DS MC ADENDORFF (SKRIBA)

Addendumverslag van die BRKA aan die RKA

1. TYDPERK VAN VERSLAG

Die addendumverslag dek enkele sake wat t.o.v. die tydperk van die eerste verslag (21/9/1991–30/4/1993) (Sakelys bl. 14) oorgegaan het, asook werksaamhede van die BRKA vanaf 1/5/1993 tot en met 17 Junie 1993.

2. VERGADERINGS

Sedert 30/4/1993 het die BRKA een keer en sy Dagbestuur een keer vergader; 'n subkomitee vir spyseniering by die Teologiese Skool en die Sentrale Kerkkantoor en 'n reëlingskomitee vir die ingebruikneming van Brookshuis elk een keer; die Dagbestuur van die Beheerraad van die Jeugtuiste twee keer; die Boukomitee se vergaderings word in Bylae BRKA/A hieronder vermeld.

3. VERHUISING VAN SENTRALE KERKKANTOOR

Vanweë allerlei onvoorsiene omstandighede sal die verhuising na verwagting eers gedurende die week van 21–25 Junie 1993 kan plaasvind, en die amptelike ingebruikneming op 9 Augustus 1993 om 16:30.

4. ADMINISTRATIEWE POSTE

AANBEVELINGS

4.1 Die BRKA steun die versoeke van die SKK t.o.v. die skepping van 'n pos vir:

4.1.1 Sekretaresse/tikster vir die Publikasie-afdeling

4.1.2 'n Halfdagpos vir 'n argivaris

4.1.3 'n Begrotingspos vir tydelike hulp ten bedrae van ± R50 000 per jaar. (Kyk Addendumverslag van die SKK.)

5. GEMEENTES WAT AGTERSTALLIG IS MET 15% BYDRAES VIR TYDPERK VOORAFGAANDE AAN 31/12/1992

Alle gemeentes wat agterstallig is met bydraes vir gemelde tydperk, het met afdeling Finansies in die Sentrale Kerkkantoor in verbinding getree.

Die meeste gemeentes het onderneem om die agterstallige bydraes oor 'n korter of langer tydperk aan te suiwer.

Die antwoorde van die volgende gemeentes bevat egter nie voorstelle vir betaling wat die BRKA bevredig nie (die kruisies dui dié maande aan waarvoor nie bygedra is nie):

UITSTAANDE 15% BYDRAES VIR 1990, 1991, 1992
SOOS OP 11/6/1993

LAASTE KWIT. 23045

Ring	Gemeente	Jaar	Gestig	Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des	Kommentaar
Beaufort-Wes	Ladismith	92	1991/07				X									Geen dienste Apr 92.
Bloemfontein	Boshof	92	1987/09							X	X	X	X	X	X	Sal tjek en/of bewyse stuur.
Bloemfontein	Kofflefontein	92	1992/02											X	X	Vra uitstel – Brief BRKA.
Etosha	Windhoek	92	1989/07							X	X	X	X	X	X	Vra uitstel – Brief BRKA.
Germiston	Boksburg	91	1988/04								X	X	X	X	X	Sê hulle kan nie betaal nie.
Germiston	Boksburg	92	1988/04		X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	Verwys na vorige brief aan BRKA.
Graniet	Parys	92	1990/03	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	Onderneem om later te betaal.
Hennenman	Goudveld-Sentraal	92	1987/11										X	X	X	Kan nie nou betaal nie.
Moot-Sentraal	Pretoria-Sentraal	91	1989/02										X	X		Kan nie betaal nie. Sien brief
Moot-Sentraal	Pretoria-Sentraal	92	1989/02	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	aan BRKA i.v.m. kwytstelling.
Naboomspruit	Koedoesrand	91	1987/09	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	Geen dienste in 1991 – Stuur brief.
Naboomspruit	Koedoesrand	92	1987/09	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	Pos tjek vir ± R1 200 met verduideliking.
Somerset-Oos	Algoa	91	1987/09					X	X	X	X	X	X	X	X	Geldverduistering 1991-92.
Somerset-Oos	Algoa	92	1987/09	X	X	X	X	X	X	X						Versoek kwytstelling – brief aan Sinode.

6. VERSLAG OOR RESTOURASIE EN BOUWERK AAN KERKLIKE EIENDOM

Volledige verslag verskyn in Bylae BRKA/A hierna. Waar verwysings in die eerste BRKA-verslag na Bylae BRKA/A voorkom, is dit ook op dié bylae hieronder van toepassing.

7. SLOT

Hiermee vertrou die BRKA dat die kort verslag vir die RKA van hulp kan wees om sinvolle besluite te neem.

PROF WJG LUBBE (VOORSITTER)

DS MC ADENDORFF (SKRIBA)

BYLAE BRKA/A

Verslag van die Boukomitee aan die BRKA vir voorlegging aan die Raad vir Kerkadministrasie in sitting 9–14 Augustus 1993 te Pretoria

1. PERSONEEL

Op 18 Februarie 1992 besluit die BRKA om 'n boukomitee aan te stel om die bouwerk van die BRKA op 'n permanente basis te hanteer. As boukomitee word aangewys: Ds NJ Rautenbach, ds JA du Plessis, mnr CJ de la Rey, mnr M. Ronquest, ds AJ Taute, ds MC Adendorff, mnr PG de Jager.

Ds NJ Rautenbach word as voorsitter gekies op 4 Maart 1993 en ds AJ Taute as ondervoorsitter terwyl mnr PG de Jager as sekretaris aangewys word. Die BRKA het ook op 18 Februarie 1992 besluit dat ds Rautenbach sal optree by die bou- en restourasiewerk as klerk van werke en hooftoesighouer terwyl mnr Ronquest as bouer sal optree. Ds Adendorff gee te kenne dat hy slegs waar nodig die Boukomitee sal bystaan weens sy drukke werksomstandighede.

2. BEDANKING AS LID

Ds AJ Taute het as lidmaat van die APK bedank en ook uitgetree as lid van die boukomitee in Maart 1993. Mnr Ronquest het ook in Maart 1993 uitgetree op grond van die feit dat hy groot sakebelange gehad het en nie kon voortgaan met die taak nie. Ds Rautenbach en mnr Frits Adendorff het die taak van mnr Ronquest ook op hul skouers geneem. Mnr F Adendorff het 'n Ingenieurspos te Kriel gekry en tree op 22 Junie 1993 uit. Mnr Francois le Roux was op versoek bereid om mnr F Adendorff se plek te neem en tree reeds in diens op 17 Junie 1993. Ds Rautenbach neem die algemene bou-

administrasie oor om die werk vlot te laat verloop.

3. VERGADERINGS

Die boukomitee moes gereeld vergaderings hou wat dan ook terselfdertyd terreinvergaderings was. Tot en met 17 Junie is 22 vergaderings gehou.

4. OPDRAG

4.1 Inleidend

Na die vorige RKA-vergadering in 1991 het die BRKA 'n argitek, 'n ingenieur en elektriese ingenieur aangestel wat Brookshuis moes nagaan vir die restourasie daarvan op so 'n wyse dat dit as 'n bruikbare administrasiegebou kan dien. Planne is voorberei, met die stadsraad van Pretoria is onderhandel en uiteindelik is 'n goedgekeurde restourasieplan aan die BRKA voorgelê wat, behalwe vir Brookshuis as administrasieblok, ook die bediendekamers omskep in 'n netjiese opsigterswoning. Aan bepaalde vereistes van die Raad van Nasionale gedenkwaardighede moes voldoen word. 'n Beraamde bedrag vir die projek is voorgelê van R1 112 255,00 (insluitende BTW en professionele fooie). Ten spyte van die hoë bedrag voorgelê is tenders aangevra nadat sekere items uitgelaat is soos bv. 'n voedselhyser. Die gemiddelde tenderbedrag was toe (nadat R60 000 aan professionele fooie reeds betaal is) die volgende:

Brookshuis en Terrein: R813 969,00
Woonstel: R 86 647,50

Die BRKA het op daardie stadium besef dat die bedrae te hoog is, veral omdat aan verdere behoeftes as wat die tenderdokumente ingesluit het nog nie eers voldoen is nie, en die plek moes ook gemeubileer word en die nodige bin-nenshuise versiering kry.

4.2 Uitgebreide Opdrag

4.2.1 Brookshuis en woonstel

Die BRKA gee aan die boukomitee opdrag om bouwerk professioneel te hanteer deur mnr Mike Ronquest (boukontraakteur en lidmaat van die APK) op 'n maandelikse basis aan te stel as bouer, ds Rautenbach te gebruik (gratis) as klerk van werke en hooftoesighouer en selektief te werk gaan met subkontraakteurs. 'n Voorlopige berekening van moontlike uitgawes vir die bouwerk is soos volg deur die boukomitee ingedien:

Brookshuis:	R450 000,00
Woonstel:	75 000,00
Totaal:	R525 000,00

'n Bedrag van R550 000,00 is toe as redelike bedrag vir die werk beskou. Die boukomitee moes gereeld by elke BRKA vergadering volledig 'n vorderingsverslag en finansiële verslag indien terwyl die BRKA ook gereeld inspeksie sou doen.

4.2.2 Versendingskantoor en Argief

Die BRKA het ook op 14 Augustus 1992, na ernstige oorweging en beplanning, besluit om 'n Argief en 'n Versendingskantoor op die terrein van Brookshuis op te rig. Die opdrag is ook aan die boukomitee gegee nadat die volgende berekening gemaak is:

Versendingskantoor:

Geraamde koste R132 600 (Argitek)
Geraamde koste R 75 000 (Boukomitee)

Argief:

Geraamde koste R148 860 (Argitek)
Geraamde koste R 75 000 (Boukomitee)

4.2.3 Ekstra werk op Brookshuisterrein

Die boukomitee kry ook opdrag van die BRKA om die volgende bykomend by die oorspronklike opdrag in die Brookshuisprojekte te voorsien:

- Doelmatige alarmstelsel soos vereis deur die versekeraars

- Toilette in argief en Versendingskantoor
- Vergroting van woonstelgebou met 10 m
- Voorsiening van gordyne en meubels met die hulp van binnehuisversierders
- Verbetering van spesiale toiletgeriewe in Brookshuis.

4.2.4 Jeugtuiste

Met die aankoop van die Jeugtuiste is die verbetering, verbreking en verandering van die gebou ook aan die boukomitee opgedra.

4.2.5 Farendenstraat 430 (Teologiese Skool)

Die omskepping van die administrasiegeboue en teologiese skool in Farendenstraat 430 in 'n gebou wat hoofsaaklik 'n volledig toegeruste teologiese skool huisves, met onder meer die toevoeging van 'n doelmatige biblioteek, is ook aan die boukomitee opgedra.

5. BROOKSHUIS

5.1 Terug na ou glorie

Die boukomitee het 'n indringende studie gemaak van die geskiedenis van die gebou wat opgerig is in die laaste jare van die vorige eeu. Dit het afgebrand in die twintigerjare, is herbou en vergroot in 1925 en weer in 1929, en later weer verbreek en verbou as koshuis. Die boukomitee het gepoog om waar moontlik die historiese karakter van die gebou te behou, en dit tog doelmatig in te rig as administrasiesentrum vir die APK. In die proses is alle pleisterwerk, wasbakke en badkamers verwyder en mure versterk. Alle nodige pypwerk en krag-aanleg is gedoen vir rekenaarstelsels en alarmstelsel. Die gebou is so beplan dat daar uiteindelik tot 30 personeellede kan werk. (Tans sal daar ná verhuising in die hoofgebou 10 permanente personeellede en 1 deeltjds werksaam wees. Hierby moet nog getel word die Redakteur van "Die Boodsapper". Vier personeellede word elders gehuisves.) Die gebou is volledig gerestoureer, houtwerk is tot die fynste detail weer tot die oorspronklike herstel en die gebou is so met liefde en toewyding teruggebring tot sy oorspronklike glorie. In die proses is gepoog om die maksimum oorspronklike materiaal weer bloot te lê en te beskerm. Met die stadsraad, die RGN en die RNG is saam beplan en gewerk om die gebou so te kon restoureer.

5.2 Metode van werk

Deurgaans is alleen gebreek aan die gebou en gewerk aan materiaal, nadat eers vasgestel is wat die historiese waarde van daardie bepaalde

materiaal of deel van die gebou is. Deskundiges is deurgaans geraadpleeg asook binnenshuisversierders onder leiding van mev E Jooste wat haar dienste gratis gegee het. Kleurskemas is bepaal en afwerking is gedoen volgens die Victoriaanse (oorspronklike) styl van die gebou. Deurgaans is gebruik gemaak van mense wat 'n liefde vir die saak het en baie het dan ook gratis hul werk gedoen.

5.3 Ruimte geskep

Brookshuis beskik nou oor twee groot raadsale, 'n groot eetkamer waar 32 mense kan aansit vir ete, twee voorportale, een personeelkamer, alle nodige toiletgeriewe, 'n groot goed toegeruste kombuis asook toesluitpens, twee pakkamers en kantoorigeriewe vir die redaksie van "Die Boodskapper" (3 kantore en 'n wagkamer), vyf algemene administratiewe kantore en 3 kantore en 'n kluis vir die afdeling Finansies.

5.4 Terrein

Op die Brookshuisterrein is die Victoriaanse tuin grootliks herstel, en die ou swart leiklipplaveisel is herstel en aangevul. Die pragtige ou betonbanke en twee priële is ook herstel asook die ou kerkie op die terrein wat saam met die ingangshuisie met dieselfde leiklipbedek is as Brookshuis. Twee geplaveide parkeerterreine (een vir besoekers en een vir die personeel) is ingerig volgens stadsraadsvereistes. Die noordmuur, deur die RNG ontwerp, is opgerig, asook twee afstandbeheerde skuifhekke. Die klipmure en visdam is herstel soos die oorspronklike.

5.5 Elektrisiteit

Die nodige is gedoen om genoeg krag te voorsien vir alle apparaat en toerusting wat op die hele terrein benodig mag word. Omheiningsmure is volledig gerestoureer.

5.6 Koste

Argitekberaming	
(Okt 91):	R1 112 255,00 (argitek)
Gem. tenderkoste	
(Jan 92):	R 813 969,50 (tenderaars)
Beraamde koste	
(Maart 92):	R 450 000,00 (boukomitee)
Werklike koste	
(Mei 93):	R 408 790,14
Ekstra volgens	
BRKA besluite:	R 76 526,90

6. WOONSTEL

6.1 Bediendekamer word woonstel

Ter uitvoering van die opdrag van die BRKA aan die boukomitee is, gelyktydig met die werk aan Brookshuis, drie bediendekamers omskep in 'n tweeslaapkamerwoonstel met kombuis, eetkamer, volledige badkamer, aparte stort en toilet asook sitkamer en binnetuin. Die argitektuur daarvan pas by die hoofgebou aan op so 'n wyse dat Brookshuis op die terrein prominent bly. In die proses is afgewyk van die oorspronklike beplanning deurdat die huis met ongeveer 10 vierkante meter vergroot is. Op die wyse is 'n doelmatige woonstel geskep. Die kleurskema pas aan by Brookshuis.

6.2 Koste

Gem. tenderkoste	
(Jun 92):	R86 647,50 (tenderaars)
Geraamde koste	
(Maart 92):	R75 000,00 (boukomitee)
Werklike koste	
(Mei 92):	R59 818,63
Ekstra werk	
volgens BRKA	
besluite:	R 6 800,00

7. VERSENDINGSKANTOOR

7.1 Goedkeuring van gebou

Goedkeuring van die planne het lang onderhandelinge en vergaderings met lede van die stadsraad en RNG geverg. Die restourasie moes aan sekere voorwaardes voldoen, soos onder meer dat die ou bouvallige tennishuisie afgebreek en die ou oorspronklike prieselstoep in sy ou vorm herstel word. Die boukomitee het dan ook die struktuur van die ou prieselstoep bestudeer en gerestoureer as voorstoep en laaisone vir die versendingskantoor. Die gebou moes ook die hoofgebou komplementeer.

7.2 Ruimte geskep

Die gebou maak voorsiening vir 'n boekpakhuis, ingangseriewe, versendingswerkarea, vertoonrakke vir boekverkope (boekwinkel), kantoor vir versendingsklerk en uitgangskantoor met genoemde historiese prieselvoorstoep, asook pypwerk vir toekomstige toiletgeriewe met wasbak.

7.3 Fasiliteite

Genoegsame elektriese krag en kragpunte is voorsien asook rekenaarpunte wat ook met Brookshuis verbind kan word aangesien die nodige geleierbuise gelê is. Pypwerk vir water en riool is aangelê vir toekomstige gebruik.

7.4 Alarm

Die alarmstelsel is ook verbind met die alarmstelsel van die hoofgebou.

7.5 Dekor

Die binneruimte is mooi voorsien met pragtige gordyne op aanbeveling van ons binnenshuisversierders.

7.6 Koste

Geraamde koste (Sept 92)	R132 600,00 (argitek)
Geraamde koste (Sept 92)	R 75 000,00 (boukomitee)
Werklike koste (Mei 93)	R 73 204,97
Ekstra werk (BRKA besluite)	R 10 562,72

8. ARGIEF

8.1 Goedkeuring van gebou

Nadat die boukomitee in Augustus 1992 opdrag gekry het om die gebou op te rig, is ernstige probleme ondervind met die Stadsraad van Pretoria. Omdat hierdie gebou eintlik bestaan uit twee kantore met een reuse kluis word dit gesien as 'n spesiale gebou met bepaalde vereistes. Besware is selfs van inwoners ontvang toe geadverteer is dat die gebou opgerig moet word. Ds Joubert het egter hierdie gebou so pragtig ontwerp en laat aanpas by die res van die geboue op die terrein dat dit baie aanvaarbaar was. Na uiters moeilike onderhandelings is hierdie gebou met sy besondere fasiliteite (wat nie in Brookshuis voorsien kon word nie) goedgekeur in Maart 1993. Dit was vir ons 'n oorwinning.

8.2 Ruimte geskep

'n Stofdigte en waterdigte argief met lugreëling is vir ons kerk se argiefmateriaal belangrik asook 'n argivariskantoor en navorsingsruimte en toilet. Die gebou voorsien in 'n besondere behoefte van ons kerk.

8.3 Fasiliteite

Rekenaarkoppelings met die hoofgebou en versendingskantoor is ook beplan asook alle nodige kragvoorsiening.

8.4 Binnenshuisversiering

Ook die argiefkantore is beplan om toegerus te word met netjiese gordyne en matte.

8.5 Alarm

Die argief word ook aan die hoofgebou se alarmstelsel gekoppel en hier is ook gebruik gemaak van rookverklidders. Al die geboue se alarmstelsels is met radio verbind aan 'n stelsel van gewapende reaksie.

8.6 Koste

Geraamde koste (Sept 1992)	R148 899,00 (argitek)
Geraamde koste (Sept 1992)	R 75 000,00 (boukomitee)
Werklike koste	R 66 319,51

9. JEUGTUISTE

9.1 Opdrag

Die BRKA en die Jeugtuiste se beheerraad het, nadat die huis aangekoop is, bepaalde behoeftes uitgewys wat dadelik aandag moes ontvang.

9.2 Werk gedoen

Die boukomitee het die volgende voorsien: 'n waskamer vir wasgoed, 'n teekamer vir studente, twee aparte buitekamers, die buitegeboue is ook omskep in nog vier kamers, 'n ekstra kamer is in die huis geskep, die nodige toiletgeriewe is vir buitekamers geskep, die swembad is herstel, elektriese krag is verbeter, tuinligte is aangelê, en vir die nodige hersonering en sekuriteit word gesorg.

9.3 Koste

Die koste tot in Mei 1993 was R58 476,14.

9.3.1 AANBEVELING

Die RKA dra dit aan die BRKA op om hierdie Jeugtuiste verder vir teologiese studente uit te bou soos nodig.

10. TEOLOGIESE SKOOL

10.1 NAAM

Die gebou het vroeër slegs bekend gestaan as Farendenstraat 430.

Die BRKA het besluit dat die gebou bekend sal staan as APK Teologiese skool.

10.1.1 AANBEVELING

Die RKA besluit om die naam van die gebou as "APK Teologiese Skool" te erken as ampdelike naam.

10.2 Ruimte geskep

Daar is beplan om op aanbeveling van die Kuratorium die gebou te omskep in 'n Teologiese Skool met die volgende fasiliteite:

- Drie lesingsale
- 'n Doelmatige Biblioteek met al die nodige afdelings
- 'n Kantoor vir bibliotekaris
- Kantore vir elke dosent
- Kantoor vir besoekende leraars
- Dupliseerkamer, kombuis en eetvertrek
- Ontvangslokaal
- Sekretaressekantoor
- Toiletgeriewe

Die nodige rakke moes aangebring word, afkortings moes verwyder word, afdak moes toegebou word, terrein moes herbeplan en veilig gemaak word, alarmstelsel is aangebring en motorafdakke moes opgerig word.

10.3 Koste

Met die skryf van hierdie verslag was dit nog onmoontlik om die koste te bereken.

11. MEUBELS EN BINNEHUISVERSIERING

Vir die Brookshuisprojek en bygeboue is daar spesiaal onderhandel vir die vervaardiging van die nodige meubels. Laurentia Meubels het hier uiters goeie diens gelewer. Van die meubels van die ou Farendenstraat 430 moes ook na Brookshuis. Gordyne moes gemaak word vir alle vensters waar dit nodig was. Die nodige verfwerk en afwerking moes ook gedoen word in die Jeugtuiste en Teologiese Skool.

11.1 AANBEVELING

Die RKA besluit om persone wat gratis diens gelewer het, asook die werkers vir hul onbaatsugtige dienste te bedank. Mnr Ronquest, mnr Adendorff, mnr Le Roux en mev E. Jooste verdien spesiale dank vir hul groot werk.

Hiermee vertrou ons dat hierdie verslag die goedkeuring van die RKA mag wegdra.

DS NJ RAUTENBACH (VOORSITTER)
MNR PG DE JAGER (SEKRETARIS)

Aanvullende verslag van die KKS aan die Sesde Sinode in sitting te Pretoria vanaf 9 Augustus tot 14 Augustus 1993

1. APPÈLSKRIFTE BEP. 58B

1.1 Appèlskrif van Ouderlingeraad van AP kerk Boksburg

"Appèlskrif volgens Artikel 31 van die Kerkorde 1992-uitgawe gelees met bepaling 58B van die Kerkorde 1992-uitgawe teen die onderstaande besluit van die ring van Germiston geneem op 30 November 1992 in sitting te Brakpan ingedien by die sesde sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in sitting te Pretoria – Augustus 1993.

- Volgens bepaling 58B van die Kerkorde 1992-uitgawe word die volledige besluit van die ring van Germiston uit hulle notule van 30 November 1992 bladsy 3 punt 7, hiermee aangehaal:

"Die Ring van Germiston handhaaf nie die beswaarskrif van APK-Boksburg onder datum 23 November 1992 nie, omdat die ring met sy goedkeuring van die sittingsreg im-

pliseer dat die ringsbesluit van 4 Mei 1991 (14.2; bl. 12 van die notule) nie op hierdie stadium so rigied vertolk moet word dat dit die geldigheid van kerklike vergaderings in gedrang bring nie.

In die bewoording van die besluit van 1991 lê 'n vaagheid wat volkome ruimte laat vir so 'n interpretasie en wat in lyn is met die sinode-besluit van 1989 (Handelinge bl. 397 pt. 3.9.12).

Voorsteller: Ds. MC Adendorff
Sekondant: Oudl. JJ Claassens".

1.2 Afskrif van Ouderlingeraad van AP kerk Parys

"APPÈL

Die Kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk Parys het staande die vergadering van die Ring van Graniet, gehou op 19 Maart 1992 te Kroonstad, kennis gegee dat hul appelleer teen

die besluit van die Ring (Notule van 5de Sitting van die Ring van Graniet - 19 Maart 1992 te Kroonstad: die sittingsdag, p. 6; voorstel 6).

1. Die besluit waarteen geappelleer word: (woordeliks aangehaal)

Die Ring van Graniet aanvaar dat die Kerkraad van Parys alle tugsake, maar veral die saak van br. Van der Westhuizen volgens art. 50 van die Kerkorde wil afhandel.

Na aanhoor van al die betrokke persone en bespreking, bevind die Ring as volg:

1. Dat die Kerkraad 'n sogenaamde vóór-tughandelinge toegepas het (vlg. die Beknopte Handleiding deur die Sinode van 1991 goedgekeur en nog nie gepubliseer nie) waarvan br. Van der Westhuizen nog nie kennis dra nie. Hy is ook nie dienooreenkomstig ingelig nie.
2. Dat br. Van der Westhuizen, vlg. art. 57a van die Kerkorde, nie skriftelik ingelig is t.o.v. die besonderhede van die klagte, of klaer nie. Tot op huidige datum het hy geen skriftelike kennisgewing ontvang nie.
3. Die afgevaardigde kommissie, wat br. Van der Westhuizen moes gaan sien, het nagelaat om br. Van der Westhuizen uitdruklik en ondubbelsinnig in kennis te stel van die doel van hulle besoek aan hom, asook in watter ampshoedanigheid dit sou geskied het.
4. Volgens bep. 57C het die broer "geen regverdige geleentheid tot verweer" gehad nie.
5. Volgens die Ring sloer die saak onnodig lank in die lig van art. 50.
6. Die Ring is van oordeel dat die Kerkorde moontlik plek-plek bokant die liefde gestel is in die hantering van hierdie saak. Die Ring sou graag wou sien dat die liefde en vergewensgesindheid deur beide partye meer pertinent na vore sal kom.

Dus bevind die Ring om die appèl van br. Van der Westhuizen te handhaaf. Die Ring sal graag wil sien dat hierdie saak liefdevol en tot seën van die Gemeente en tot eer van God afgehandel word.

(Ds. RW Louw en Br. FM van der Merwe)".

1.3 Advies kragtens lasgewing

Kragtens lasgewing 2 van die KKS wat blyk dat dit 'n oop lasgewing is, adviseer die KKS die

Sinode in verband met die hantering van die appèlskrifte soos volg:

1.3.1 die Sinode handel net met die dokumentasie, dit wil sê die skriftelike appèlskrif met motivering en die skriftelike verweer met motivering;

1.3.2 geen persoonlike getuies word opgeroep nie;

1.3.3 uitstaande of ontbrekende dokumentasie kan nog aangevra of gevorder word indien nodig;

1.3.4 die appèlskrifte met begronding en die verweerskrifte met begronding is ter insae beskikbaar by die Sinode;

1.3.5 op grond van die bestudering van die betrokke stukke sal die KKS die Sinode by wyse van 'n laat stuk in verband met die ontvanklikheid, prosedure gevolg en die inhoud adviseer.

2. BESKRYWINGSPUNT NR 5.5, p. 113, SAKELYS VIR DIE SESDE SINODE

Ring van Newcastle

Die KKS wil die aanbeveling vir die afwysing van die beskrywingspunt van die ring van Newcastle insake prosedure by opname van lidmate uit 'n ander AP Kerk soos voorgelê in die eerste verslag van die KKS aan die Sinode soos volg aanvul naas die aanvanklike wat nou as nommer 1 aangedui word en dan soos volg sal lees met die nodige motivering wat dan ook die aanvanklike motivering vervang.

AANBEVELING

2.1 Aan die beskrywingspunt van die ring van Newcastle word nie gevolg gegee nie.

2.2 'n Persoon bly lidmaat van die gemeente wat aan of ten opsigte van hom 'n attestaat voorsien totdat hy in die nuwe gemeente as lidmaat aanvaar is, met dien verstande dat dit binne 3 maande na sy vertrek uit die attesterende gemeente moet gebeur.

Motivering

Dit is tans reeds so dat die ouderlingevergadering van die gemeente waaruit 'n persoon vertrek, enige tyd tot drie maande ná sy vertrek 'n attestaat mag lewer. Dié beginsel daaragter is dat die persoon as lidmaat geag word al woon hy nie meer in die gemeente nie. Omdat hy nog nie 'n attestaat ontvang het nie, geniet hy steeds volle lidmaatskapsregte. Op grond van hierdie beginsel kan hierdie Sinode reël dat die vertrekkende persoon 'n lidmaat

van die gemeente bly nádat aan hom 'n attestaat voorsien is. 'n Attestaat is per slot van sake 'n getuigskrif en nie 'n oorplasingstifikaat nie. Deur die saak só te reël, word die selfstandigheid van die plaaslike kerk waar die attestaat ingedien word met die oog op lidmaatskap, nie aangetas nie en word daar nie 'n klug van die beginsel van approbasie gemaak nie.

Hiermee vertrou u Kommissie dat met hierdie verslag en aanbeveling die werksaamhede tot bevrediging van die Sinode afgehandel is en bid u die seën van die Here toe op u verdere werksaamhede.

DS JA DU PLESSIS (SKRIBA)

Addendumverslag van die Kuratorium aan die Sesde Sinode 9–14 Augustus 1993

1. ADDISIONELE VERGADERINGS NA 23 MAART 1993

1.1 Kuratoriumvergadering

Die Kuratorium moes op 14 Junie 1993 'n addisionele vergadering hou in verband met aansoeke vir predikantstatus, studenteleninge en die begroting vir 1994.

1.2 Dagbestuurvergadering

Die Dagbestuur het op 14 Junie 1993 'n addisionele vergadering gehou.

2. PREDIKANTSTATUS

2.1 Aansoeke/Heraansoek

Vier aansoeke is ontvang. Die volgende aansoeke is goedgekeur met toekenning van predikantstatus en beroepbaarstelling:

Di. FJ Engelbrecht, DS Fourie.

Een aansoek is nie goedgekeur nie.

3. AANVULLENDE TEOLOGIESE OPLEIDING VIR PREDIKANTE UIT ANDER KERKE WAT AANSOEK DOEN VIR PREDIKANTSTATUS IN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

3.1 Die noodsaaklikheid vir aanvullende teologiese opleiding

3.1.1 Die Kuratorium onderwerp elke aansoek aan die strengste keuring moontlik. In toemende mate word kennis geneem van veront-

rustende mededelings deur aansoekers, studente en ander oor die teologiese standpunte in die teologiese opleiding van ander kerke. Dit noop die Kuratorium om nog meer waaksam en noulettend te wees ten opsigte van leersuiwerheid en belydenisgebondenheid. Dit blyk dus dat veral ten opsigte van proponente meer as 'n colloquium doctum essensieel is.

3.1.2 Die Kuratorium oordeel dat die sif net fyn genoeg gestel kan word as aansoekers vanuit die ondersoek, wat 'n colloquium doctum insluit, volgens meriete en oordeel van die Kuratorium onderwerp kan word aan aanvullende teologiese opleiding.

AANBEVELING 1

Die Sinode besluit

- 1. dat die Kuratorium sterk gesteun moet word in sy poging om leersuiwerheid en belydenisgebondenheid in die kerkverband te handhaaf;*
- 2. dat die Kuratorium, by die behandeling van elke aansoek deur 'n predikant, die reg het om, indien dit as noodsaaklik geoordeel word, 'n predikant te onderwerp aan 'n periode van verdere teologiese opleiding;*
- 3. dat die Kuratorium alle proponente by toelating, volgens meriete, kan onderwerp aan 'n periode van verdere teologiese opleiding;*
- 4. dat die Kuratorium alle verdere teologiese opleiding in oorleg met die Raad van dosente reël.*

Die Kuratorium bid die Sinode die seën van die Here toe op sy verrigtinge.

PROF DR FAH VAN STADEN (SKRIBA)

